

BR

Braunvieh

Joernaal 2021 Journal





Big 6

GENETICS

- 2021 -

BEAULIEU

Hampie van Zyl
082 492 8123
hampie@assmang.co.za

JC BRAUNVIEH

Andre & Annemarie Reitsma
071 896 1466
andre.kainos@gmail.com

KRISTAL BRAUNVIEH


Ian & Ansie Botes
072 596 0462
ansiebotes33@gmail.com

ROSSOUW'S

Sampie Rossouw
082 312 7208
rossouwsampie@gmail.com

SHALOM BRAUNVIEH STOET

Abie Rademeyer
083 282 3996
arenddbrademeyer@gmail.com



BRAUNVIEH SA

P.O. Box 7864, Bloemfontein 9300

[T]: 051 410 0900 / 051 410 0955

[E]: braunviehsa@studbook.co.za

[W]: www.braunvieh.co.za

INHOUD CONTENT

Raad & Personeel	2
Van die President	3
Standaarde van voortreflikheid/Standard of excellence	4
Die belang van produksieëkke op die herbesettings % van 1 ^{ste} kalf koeie en verse	13
Volhoubare weiveldbestuur	17
Toekenings	20
Keurders/Inspekteurs	25
Braunvieh Presidente	26
Multitrait selection	28
Die Braunvieh in Namibië	31
Performance of Braunvieh bulls in Phase C test	33
Sentrale Braunvieh Veldbul Klub, Fase D	36
J Hampie van Zyl Boerdery	41
2020 Elite Bulgroeitoetsklas	43
2021 Elite Bulgroeitoetsklas	44
Eduan Braunvieh - Herd history and breeding principals	46
Braunvieh Lede/Members	48

ADVERTENSIES ADVERTISEMENT

Big 6 Genetics	IFC	Lizie-Dolla Stoet	34
Braunvieh nasionale veiling	38	Molatek	16
Danru	IBC	Rossouw's Braunvieh stoet	37
De Klerk Braunvieh	45	SA Stamboek	42
Eduan Braunvieh	47	Shalom Braunvieh Stoet	14
Einsiedeln	19	Swartbult Stoet	34
Els Braunvieh	19	Unistel	24
JC Braunvieh Stoet	23	Venterscradle	32
Kareehoek Braunvieh Stoet	27	Vleissentraal	12
Landbouweekblad	30	Witbek Braunvieh Stoet	OBC



Raad



Links voor: Fanie Els (vise-president), Sampie Rossouw (president)
Agter links: Sunette Botha du Toit, Marelize Bezuidenhout, Abie Rademeyer



Sekretaresse:
Sonja Wasserman
sonja@studbook.co.za
051 410 0955



Stamboek:
Michelle Bam
michelle@studbook.co.za
051 410 0923



Bemarker:
Liezel Grobler
liezel@studbook.co.za
082 922 4616



Finansies:
Eleanor de Jager
Eleanor@studbook.co.za
051 410 0962

Van die PRESIDENT

Sampie Rossouw



Met die skrywe van die voorwoord dwing dit jou om regtig te gaan sit en besin oor hierdie Ras. Waar begin jy? Wat wil jy sê?

Ek begin met 'n aanhaling uit 'n ou Joernaal. "Die mylpaal in die geskiedenis van die Genootskap was die goedkeuring deur lede van die Konstitusie van die reëls betreffende die registrasie van Braunvieh beeste en die erkenning van die Genootskap as 'n geaffilieerde telersvereniging deur SA Stamboek op 20 Maart 1929."

Besin mens hieroor kom die afwagting, opgewondenheid en vasberadenheid van daardie eerste groep telers by my op. Na 92 jaar kan mens verbyster staan oor wat in hierdie tydperk met die Braunvieh ras gebeur het. Baie groot mylpale en prestasies is behaal, maar ook minder aangename gebeure. Ons as Braunvieh telers is bewus hoe ons diere verander het om by die nuwe klimaatsverandering, koste doeltreffende, asook markaanvraag aan te pas. Om vir die hedendaagse beesboer 'n funksionele dier te bied wat sy/haar man kan staan teen enige ander Ras in Suid-Afrika, maar ook Suider-Afrika.

Wat dit soveel meer merkwaardig maak is dat daar twee families is, wat van die begin af betrokke was - Eduan Boerdery van mnre Gawie en Willem Naude, asook oud telers mnr Phillip en mev Katy


Wessels, wat tot so onlangs as 23 April 2021 aktief met Braunvieh beeste geboer het. Beide telers wat die jonger gade nog menige male ore aansit. Hoe kosbaar is hierdie bydrae?

Dit laat my by ons huidige telers kom. Ons is een van die kleiner telersgenootskappe, maar wat geesdrif, prestasie en ywer betref, is Braunvieh telers ongelooflik kompetend en toegewyd. Word gekyk waaraan ons ras alles deelneem, bv Skoue, Elite prestasie klasse, Prestasie toetse Fase C en D, Alfa geleenthede, Nampo, Boeredae en SA Stamboek geleenthede, laat Braunvieh beeste mens kennis neem.

Die huidige Raad, sowel as die nuwe toekomstige Raad, poog deurlopend om vir alle telers, groot en klein, bestaande telers asook nuwe toetreders, 'n platvorm te skep wat gesonde blootstelling en geleenthede bied, maar bowenal Braunvieh beeste in die geheel bevorder.

Ek wil al Braunvieh SA se telers bedank vir jul toegewydheid. Die passie waarmee julle werk en jul liefde vir die Ras.

'n Groot woord van dank vir die borge, adverteerders, persone wat artikels skryf het, mev Sonja Wasserman, asook mev Liezel Grobler vir hul bydrae tot hierdie Joernaal. Voorwaar 'n puik werkstuk en pronkstuk vir Braunvieh SA.



STANDAARDE
van **voortreflikheid**
ten opsigte van die Braunvieh SA
STANDARD
of **excellence**
of the Braunvieh SA



1. ALGEMENE VOORKOMS

Rustige, groot, gebalanseer, intelligent, beweeglik dier met voldoende lente en breedte. Sterk bene van middelmatige lente. Uitstekende geslagsegtheid. Die dier moet duidelike tekens van sterkte, simmetrie en balans toon met 'n harmoniese samestelling van alle liggaamsdele. Goeie gesondheid met tekens van 'n uitstaande produksie potensiaal van vleis en melk en langlewendheid.

- 1.1 BULLE:** Manlik, sterken robuus, met duidelike gedefinieerde bespierung op skouers, rug, lende, voorarm, en dye. Goed ontwikkelde skof met 'n manlike voorkoms. Growwer van vel, haar en been as die vroulike dier met 'n beter ontwikkelde voorkant.
- 1.2 VROULIKE DIERE:** Fyner in alle aspekte as die bul en moet gladder vertoon in vergelyking met die bul. Wanneer in produksie moet sy wigvormig. Wanneer van die kant gesien, moet die agterkwart dieper as die voorkant vertoon, wat 'n effens maar tipiese vroulike, wigvorm verleen. Uier goed ontwikkel, sag en soepel, met goed geplaasde spene van voldoende grootte. Beenstruktuur relatief fyn maar tog sterk en duursaam. Oneweredige vet-aanpakking op die liggaam word as uiters ongewens beskou. Die bul moet dus sterk, robuust en manlik wees terwyl die vroulike dier moet 'n verfynde vroulike houding moet toon.

2. KOP

2.1 BULLE: Lank en breed tussen oë, met 'n algehele manlike fors, tog kalm uitdrukking. (Daar word nie teen horings gediskrimineer nie!)

2.2 VROULIKE DIERE: Absoluut vroulik, met 'n wakker, kalm en rustige uitdrukking.

- i) **NEUSSPIEËL:** Breed en sterk, met groot oop neusgate.
- ii) **KAKE:** Breed en sterk, met tande wat goed teen die kussing van die bokaak sluit. Wange nie vlesig nie.
- iii) **Oë:** Groot, helder en rustig.
- iv) **ORE:** Van middelmatige grootte, met ligte hare binne en aan die kante.
- iv) **VOORKOP:** Breed en effen geduik tussen oë.
- v) **NEUSBEEN:** Breed, reguit en sterk.

3. NEK

3.1 BULLE: Breed met 'n sterk, goed gespierde, manlike skof.

1. GENERAL APPEARANCE

Large well balanced, intelligent, mobile and docile with sufficient length and depth. Strong legs of medium length. Good sexual characteristics. The animal must show signs of strength, symmetry, and balance with harmonious, blending of all parts. Good health with signs of a high production potential for beef and milk and longevity.

1.1 BULLS: Masculine, strong and robust with well-defined muscles on shoulders, back loins, and thighs. Well-developed crest with a masculine appearance. Coarser of hide, hair, and bone than the female and with a better developed forequarter.

1.2 FEMALES: Finer than the bull in all aspects. Good muscling but with smoother appearance than the bull. When in production muscling must be less visible and the framework more clearly defined. When viewed from the side, the hindquarter must appear deeper than the forequarter a slight wedge from giving a typical feminine appearance. Udder well-developed, soft, and supple with well-spaced teats of adequate size. Bone structure relatively fine but strong and durable. Uneven fat deposits on the body are considered very undesirable. The bull must be strong, robust, and masculine while the female shows a refined feminine carriage.

2. HEAD

2.1 BULLS: Relative short and broad between the eyes, with a general manly force, but calm expression. Horns not recommended.

2.2 FEMALES: Absolutely feminine with an alert but docile expression.

- (i) **MUZZLE:** Broad and strong with large open nostrils.
- (ii) **JAWS:** Broad and strong with teeth fitting well against the pad of the upper jaw.
- (iii) **EYES:** Large and bright.
- (iv) **EARS:** Of average size and carried alert with light hair inside and on the sides.
- (v) **FOREHEAD:** Broad and slightly dished between the eyes.
- (vi) **NASAL BONE:** Broad, straight, and strong.

3.2 VROULIKE DIERE: Plat, met 'n netjiese, vroulike voorkoms.

4. SKOUERS

Blaaie effe skuins na vore en goed aangeheg. Spier- en ligament aanhegtings van skouer tot bors, kambene, nek en ribbes moet stewig en ferm wees. Skouerknoppe wyd uitmekaar maar nie te prominent nie, met goeie ronding oor kambeen.

4.1 BULLE: Breed, vol en goed gespier. 'n Skynbare val agter die skouers (naamlik die haseleër) as gevolg van goeie breedte tussen skouerknoppe, sal daar nie gediskrimineer word nie. Goed gespierde voorarm.

4.2 VROULIKE DIERE: Die vroulike dier moet meer verfyndheid in die skouer vertoon as die bul met baie goeie breedte

5. MIDDELSTUK

5.1 RIBBEKAS: Lank, breed en diep moet goeie kapasiteit.

5.2 RIBBES: Hoog en wyd gesprong. Ribbes wyd uitmekaar, breed en lank. Effens geboë na agter.

6. RUG EN LENDE

6.1 BULLE: Rug en lende lank, breed en sterk. Bespierung moet deurlopend breed, dik en duidelik gedefinieer wees vanaf die lende tot by die skouers. Lende gelyk met rug en kruis.

6.2 VROULIKE DIERE: Rug en lende lank, breed en sterk. Die vroulike dier is meer glad en soepel.

7. KRUIS, HEUPE, DRAAIBENE EN SITBENE

7.1 KRUIS: Kruis lank, breed en goed gespierd met 'n effense val vanaf die heupbeen tot by die sitbene. 'n Effense dakkigheid aan albei kante van die stertwortel word ook verlang.

7.2 HEUPE: Goed geplaas. In die geval van die bul egter, moet die heupbene nie so prominent of wyd uitmekaar wees as in die koei nie. Vetknoppe op die heupe word as uiters ongewens beskou.

7.3 DRAAIBENE: Laer as heupbene en wyd uitmekaar geplaas.

7.4 SITBENE: 'n Goeie breedte tussen die sitbene word verlang. Los vetknoppe op die sitbene van die produserende koei en bulle is ongewens.

8. DYE

8.1 BULLE: Goed gespier, dik, vol en diep, op die buite sowel as binnedye, asook agter. Dye breed, goed gespierd en strek laer af as die lies na goed ontwikkelde 2de dy.

3. NECK

3.1 BULLS: Shortish, with a strong, well-muscled, masculine crest.

3.2 FEMALES: Flat, of medium length with a neat feminine appearance.

4. SHOULDERS

Shoulder blades well attached. Muscle and ligament attachments from shoulder to chest, withers, neck and ribs must be strong and firm. Good width between shoulder points but these are not to be prominent but well-rounded over the withers.

4.1 BULLS: Broad, full, and well muscled. An apparent drop behind the shoulders (the crops) as a result of good width between the shoulder points is not to be discriminated against.

4.2 FEMALES: Relatively broad with good but smooth muscling. The female to be more refined in the shoulder than the bull.

5. CENTERPIECE

5.1 BARREL: Long, broad, and deep with good capacity.

5.2 RIBS: High and widely sprung. Ribs wide apart, broad, and long.

6. BACK AND LOINS

6.1 BULLS: Back and loins long, broad, and strong. Muscling to be continuously broad, thick and well defined from the loins to the shoulders. Loins level with back and rump.

6.2 FEMALES: Back and loins long, broad and strong. Muscling to be continuously broad, but smooth from loins to shoulders. The thickness and prominence of muscles as in the bull must not be evident. The female should display a smoother more supple and refined muscling on these parts.

7. RUMP, HIPS THURLS AND PINBONES

7.1 RUMP: Rump long, broad, and well-muscled with a slight drop from the hip-bones to the pinbones. A slight rooky appearance is required on the rump.

7.2 HIPS: Well placed. In the case of the bull the hipbones must not be as prominent and wide apart as in the female. Fat deposits on the hips considered very undesirable.

7.3 THURLS: Slightly lower than hip-bones and wide apart.

8.2 VROULIKE DIERE: Binne- en buitedye vol.

9. BENE, HAKKE KOOTGEWRIGTE EN KLOUE, STAND EN GANG

9.1 BENE: Voorbene van medium lengte, reguit, wyd uitmekaar en vierkantig geplaas. Agterbene, wanneer van die kant gesien, moet geen tekens van regophakkigheid toon nie. Van agter gesien, moet die agterbene reguit wees, met 'n goeie spasie tussen die hakke. Beenstruktuur plat, droog en sterk.

9.2 HAKKE: Breed en sterk, maar terselfdertyd droog met die korrekte hoek. Hakke moet nie dik of vlesig vertoon nie.

9.3 KOOTGEWRIGTE EN KLOUE: Kootgewrigte kort, sterk en veerkragtig. Kootgewrigte wat te steil en styf vertoon, of wat deurtrap is ongewens. Kloue eenvormig, ovaal, diep en geslote.

9.4 STAND EN GANG: Die dier moet vierkantig kan staan en moet met 'n vrye, maklike gang kan beweeg.

10. VEL, HAAR, BEEN EN KLEUR

10.1 VEL: Los, soepel en dik met voldoende pigment.

10.2 HAAR: Kort, dik, sag en glansend. Met inagneming van seisoen en ouderdom.

10.3 BEEN: 'n Droë, plat en duursame beenstruktuur word verlang. Growwe, swaar been met dik, vlesige knie en hakgewrigte is ongewens. Oordrewe verfyndheid van been word ook as ongewens beskou.

10.4 KLEUR: Geheel bruin, kleur mag varieer van lig na donkerbruin. Wit word slegs op die onderlyn toegelaat, en wit kolle, veral waar dit met 'n ontbreking van pigment in die vel gekoppel is, op enige ander deel van die liggaam, word nie toegelaat nie.

11. UIER, MELKARE EN SPIERE

11.1 UIER: Lank, wyd, diep, maar nie sakvormig nie, stewig aan lyf vas. Strek hoog en wyd op na agter en ver na voor. Gebalanseerde kwarte bedek met fyn sagte hare en vol are. Te veel hare op uier en spene ongewens. Verse moet uier en speen ontwikkeling toon.

11.2 MELKARE: Goed ontwikkel, lank en kronkelend.

11.3 SPENE: Eenvormig, silindries met goeie lengte en vierkantig geplaas.

7.4 PINBONE: A good width is required between pinbones. Loose fat deposits on pinbones of producing cow's undesirable.

8. THIGHS

8.1 BULLS: Well-muscled, thick, full, and deep on the outer and the inner thighs as well as behind.

8.2 FEMALES: Well-muscled, but not as thick and prominent as in the bull. Inner and outer thighs relatively full.

9. LEGS, HOCKS, PASTERNS AND HOOVES, STANCE AND STRIDE

9.1 LEGS: Forelegs of medium length, straight, wide apart and squarely placed. Hind legs, when viewed from the side must not be sickle or straight" hocked. Viewed from behind the hind legs must be straight with good space between the hocks. Bone structure flat, dry, and strong.

9.2 HOCKS: Broad and strong, but at the same time dry and relatively refined. Hocks must not appear thick or fleshy.

9.3 PASTERNS AND HOOVES: Pasterns short, strong, and elastic. Pasterns appearing too straight and stiff and not firm enough are undesirable. Hooves short, round, and compact. Hooves must touch the ground squarely, must be deeper behind and flat on the sole.

9.4 STANCE AND STRIDE: The animal must stand squarely and be able to move with a free and easy stride.

10. SKIN, HAIR, BONE AND COLOUR

10.1 SKIN: Loose, supple, and thick with sufficient pigment.

10.2 HAIR: Short, thick, soft, and glossy.

10.3 BONE: A dry, flat, and durable bone structure is required. Coarse, heavy bone with thick fleshy knee and hock joints undesirable. An extremely refined bone structure is also undesirable.

10.4 COLOUR: Completely brown, may vary from light to dark brown. White only permissible on underline. White patches especially without pigment of the skin on other parts of body not allowed.

11. UDDER, MILK VEINS AND TEATS

11.1 UDDER: Long wide, deep, not pendulous, but firmly attached: to body, extending well up behind and far forward. Quarters even covered with fine,

12. GESLAGSORGANE

12.1 BULLE: Teelballe ferm, ewe groot en goed ontwikkel.

12.2 VROULIKE DIERE: Goed ontwikkel en sonder uiterlike tekens van infantilisme of misvorming.

13. GEWIG VIR OUDERDOM

Dit is noodsaaklik dat diere 'n goeie gewig vir ouderdom moet handhaaf.

14. ONGEWENSTE EIENSKAPPE

- 14.1 Swak temperament.
- 14.2 Wollerige haarbedekking.
- 14.3 Baie lank of te kort op been.
- 14.4 Te grof of te fyn van been.
- 14.5 Swak kootgewigte; koeihakig of klein kloue.
- 14.6 Spene wat te groot of te klein is, vlesige, harige of swak aangehegte uier.
- 14.7 Ongebalanseerde uier.
- 14.8 Oneweredige verspreiding van vet oor die liggaam, prominente borsstuk.
- 14.9 Kort van lyf; slap of hol rug.
- 14.10 Slap in lende.
- 14.11 Bulle en vroulike diere wat plat in ribbes vertoon met min diepte.
- 14.12 Hangkruis.
- 14.13 Afwesigheid in pigmente.

DISKWALIFIKASIES

Dier sal gediskwalifiseer word vir enige oordrewe openbaring van ongewenste eienskappe, of vir oorerflike defekte wat in beeste voorkom, byvoorbeeld:

- 15.1 Hernia. (Breek of spleet tussen teelorgane)
- 15.2 Criptorchiedisme. (Een of beide teel orgaan, sak nie.)
- 15.3 Skewe neus.
- 15.4 Skewe stert. (aangebore)
- 15.5 Misvormde geslagsorgane. (gedraai een onder ander)
- 15.6 Skewe gesig.
- 15.7 Kort of lang onderkaak.
- 15.8 Regop-, sekel- of koeihakke.
- 15.9 Spene wat saamgegroeï is.
- 15.10 Rolklou.
- 15.11 Enige tekens van sub-fertiliteit of gebrek aan funksionele doeltreffendheid.
- 15.12 Wit op ander dele van liggaam by vroulike

silky hair and well veined. Too much hair on udder and teats undesirable.

11.2 MILK VEINS: Large and branched.

11.3 TEATS: Fairly long and of good size, straight and squarely placed.

12. SEXUAL ORGANS

12.1 BULLS: Well-developed and normal in all respects.

12.2 FEMALES: Well-developed and without external evidence of infantilism or malformation.

13. WEIGHT FOR AGE

It is essential that animals maintain a good weight for age.

14. UNDESIRABLE CHARACTERISTICS

- 14.1 Bad temperament.
- 14.2 Woolly coats.
- 14.3 Too long or short legged.
- 14.4 Too coarse or fine bone structure.
- 14.5 Weak pasterns; sickle-, straight- or cow hocks; small hooves.
- 14.6 Teats too big or too small, fleshy, hairy or badly attached udder.
- 14.7 Unbalanced udder.
- 14.8 Uneven distribution of fat over body; prominent briskets.
- 14.9 Short bodied; slack or hollow back.
- 14.10 Slack in loins.
- 14.11 Bulls with flat ribs and showing little depths.
- 14.12 Sagging rump.
- 14.13 Lack of pigment.

15. DISQUALIFICATIONS

Animals to be disqualified if any undesirable characteristics are present to an extreme degree, also for congenital defects found in cattle, for example:

- 15.1 Hernia.
- 15.2 Cryptorchism.
- 15.3 Skew nose.
- 15.4 Crooked tail (congenital).
- 15.5 Malformed sexual organs.
- 15.6 Skew face.
- 15.7 Overshot or undershot jaws.
- 15.8 Straight-, sickle- or cow hocks.

dier bly 'n diskwalifikasie, behalwe waar dit in die onmiddellike omgewing van die onderlyf verskyn wanneer die Inspekteur sy diskresie mag gebruik.

15.13 Skrotum wat te klein of te groot is.

15.14 Breë vroulike heupe in bulle.

15.15 Vroulike diere wat diep in die voorkwarte en lig in die agterkwarte vertoon (uit balans)

15.16 Ponie tipe.

15.9 Teats grown together.

15.10 Rolling hooves

15.11 Any signs of sub-fertility or lack of functional efficiency.




15.12 White on other parts of body on females is a disqualification, except where it appears in the immediate vicinity of the underline when the inspector may use his discretion.



15.13 Scrotum too small or too big.

15.14 Broad, feminine hips in bulls.

15.15 Females appearing deep in the forequarter and light in the hindquarter.


15.16 Pony type.





The “droopy” and “roofy” rumps don’t occur too often and are not under discussion here. However, discrimination against animals with a flat, level or square rump plays an important role in our breeding aim. Why do we discriminate against this? Calving ease is, next to fertility, the most important aspect in countries where extensive farming conditions prevail. Cows must calve “outside in the bush” and you only see the calf when it is a few days old. There is a lot of causes for calving difficulty or “dystocia” and we maintain that one of the factors is squareness of rump. Why? If we look at Zebu types and antelopes, all known for their calving ease, we find a sloping rump where the pin bones are lower than the hipbones. (Mc Farlane, 1976) describes this as follows: “When one selects for high pin bones, the whole of the pelvis girdle is actually being rotated about the thurl (the region between the pin bone and the hip joint) in an upward and backward direction. Now if you will look at the classic outline from the side of the animal – and think about it very carefully – it will become evident that, as you raise the pin bones at the rear of the hindquarters, you automatically narrow the vertical opening that the cow has for calving – you lessen the distance between the pelvic floor and the base of the tail. This is one of the prime factors in dystocia which has led to considerable problems in a number of

breeds.” (Maree, 1983), an Animal Scientist and Vet states: “The sacrum in Zebu breeds slope more than in most European beef breeds and in especially the Friesland. Squareness of the rump is due to a more horizontal setting of the sacrum so that the root of the tail is as high as the ilco-sacral attachment. This raises the pin bones and consequently the hips. Over many generations most European beef breeds and particularly the Friesland, have been selected for these features. In Zebu the sacrum and pins and hips have been allowed to slope. The pelvic outlet consequently moved downwards with lengthening of the ischio-sacral ligaments. The potential of the sacrum and ileo-sacral attachments to allow movement during labour, is therefore considerably enhanced, which is a most important factor in case of calving. A sloping rump allows for a wider opening of the pelvic outlet at calving. Lowered pin bones and a lower position of the thurls, enlarge the pelvic outlet and facilitate calving.” Mr Louis Peens, a student from the University of Pretoria, took the pelvic measurements on the following sketch from 627 Friesland cows (11 herds) with a dystocia record and investigated the association between these measurements with the dystocia records of the cows. He found the following:



% Dyslocia

1. Slope of the line A to B = 7° - 12° (flat)45%
- Slope of the line A to B = 20° - 24° (not flat)12%
2. Angle of the line A-B and B-C smaller than 15°56%
- Angle of the line A-B and B-C larger than 25°19%
3. Difference in height between A-D and C-E less than 14cm49%
- Difference in height between A-D and C-E more than 19cm19%

From the meat production point of view some believe that squarely rumped cattle are better muscled than those with a sloping rump. (Harmse, 1976) and (Butterfield, 1977) proved very clearly that this is not the case. Another interesting aspect we found is that a square rump is normally associated with straight hocks or post leggedness.

Butterfield, R (1977) What is a meat animal? Beef Cattle Science Handbook, Vol. 11:77, Agri services Foundation, California. Harmse, J (1976) Unpublished data M.Sc. (Agric) thesis, University of Pretoria. Maree, C (1983) University of Pretoria, South Africa. Personal communication.



DIE BESTE BOD THE BEST BID

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE

Anton Vos - 012 460 9916

BOSVELD & LIMPOPO / NAMIBIË / NAMIBIA
Johann Vossler - 015 491 3141/4

MPUMALANGA / GAUTENG / KWAZULU-NATAL
Wessel Meyer - 017 819 1106

OOS-VRYSTAAT / EASTERN FREE STATE
PJ Müller - 058 813 1067

SENTRAAL-VRYSTAAT / CENTRAL FREE STATE
NOORDWES / NORTH WEST / NOORD-KAAP /
NORTHERN CAPE

Allan Sinclair - 051 451 1439

OOS-KAAP / EASTERN CAPE / NOORD-KAAP /
NORTHERN CAPE / WES-KAAP / WESTERN CAPE
Chris Troskie - 041 001 0122



LEWENDEHAWE · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGEHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY

hoofkantoor@vleissentraal.co.za • www.vleissentraal.co.za

Die belang van **PRODUKSIELEKKE**

op die herbesettings % van
1^{ste} kalf koeie en verse



- DR VLOK FERREIRA, Nasionale Tegniese
Bestuurder, RCL FOODS

1^{STE} KALF VERSE IS GENEIG OM 'N LAER BESETTINGS % MET DIE 2^{DE} DEKKING TE HE

Massa en kondisie van die vers en 1ste kalf koei met dek is krities om te verseker dat die kalfpersentasie op 'n hoë vlak gehandhaaf word. Omdat die 1ste kalf koei na kalf ook nog groei het sy 'n hoër voedingsbehoefte as volwasse vleisbeeskoeie. Dit is hier waar boere die meeste geld verloor met lae herbesettings persentasies. 'n Eerstekalf koei wat 400 kg weeg se proteïen behoefte is ongeveer 1kg per dag om voldoende groei en kondisie met herbestting te verseker. Hierteenoor sal dieselfde volwasse koei 860 g proteïen/dag benodig en 'n droë koei slegs 530 g proteïen/dag.

WAT IS DIE IDEALE KONDISIE PUNT VIR KOEIE TYDENS KALF?

Met navorsing in Suid-Afrika is bewys dat die herbesttings persentasie met 20% verskil tussen

koeie wat kalf met kondisie punt 2 vs 3.5 op 'n skaal van 1 (brandmaer) en 5 (vet). So dit is krities belangrik dat jou beeste hierdie laaste gedeelte van die winter hul kondisie handhaaf.

Die piek massa van koeie aan die einde van die somer het ook 'n baie groot invloed op die massa verandering wat deur die winter sal plaasvind. Hoe laer die begin winter massa hoe laer sal die massa wees aan die einde van die winter wat dan die proses van herstel by die koei sal vertraag en die waarskynlikheid vir suksesvolle dekking na kalf verminder. Indien die weidings kwaliteit vroeg in die herfs verlaag en die koei toon dat die piek massa laer en te vroeg gaan wees moet 'n **produksielek** soos **Molatek Meester 20** (V5971) teen **1.0 – 2.0 kg/bees/dag** aan die koeie gevoer word. Sorg moet egter gedra word dat koeie in laatdragtigheid 220 - 250 g proteïen, afhangende van raam grootte en weidings kwaliteit in die laat winter ontvang.

vanaf die Karoo Shalom

Braunvieh Stoet

Abie Rademeyer 083 282 3996

Lalita Trust | Petrusville

arenddbrademeyer@gmail.com



NUTRIENTE BELANGRIK IN 'N PRODUKSIELEK

Die proteïen verskaf aan groeiende dragtige 1^{ste} kalf verse moet bestaan uit 'n verhouding van proteïen vanaf NPN en natuurlike proteïen, omdat die natuurlike proteïen soos vanaf Soja oliekoek help met raam groei. In laat dragtigheid is dit nie net proteïen en energie behoeftes wat verhoog nie, maar die koei se spoormineraal behoeftes neem met 40% toe a.g.v. die fetus se behoeftes. Kalwers wat geboore word met spoormineraal tekorte het ook 'n verlaagde weerstand teen bakteriese infeksies en vrek makliker binne die 1^{ste} drie maande na geboorte.

Dit is uiters noodsaaklik dat die 1ste kalf koei die korrekte kondisie bereik of behou na kalf wat sal verseker dat sy suksesvol herbeset sal word. Indien sy nie die korrekte kondisie/massa bereik met dek nie is dit 'n direkte verlies van 'n kalf asook die koste om die dier vir 'n verdere jaar op die plaas te moet dra.

Die oorslaan 1^{ste} kalf verse kan ook onmiddelik uitgeskot word indien die % wat nie dragtig is binne die groep nie te hoog is nie en in die omgewing van 15% is. Hier kan dit dui op diere wat minder gehard en aanpasbaar is by die spesifieke plaas omstandighede wat kan dien as 'n goeie seleksie hulpmiddel.

Tradisionele winter onderhoudslekkie met 'n proteïen % van 40 – 50% gee 'n te lae lek inname weens onsmaklikheid by gespeende verse gedurende die 1^{ste} oorwinterings periode. Massa toename van verse na speen is krities om te verseker hul bereik reeds die volgende somer op 15 maande ouderdom hul dek gewig. Wanneer die verse in April / Mei gespeen word moet hul **Molatek Kondisielek** (V17730) ontvang. Die proteïen verskaf deur **Kondisielek** aan groeiende verse bestaan uit 'n kombinasie van proteïen vanaf nie-proteïen stikstof (NPN) en natuurlike proteïen, omdat die natuurlike proteïen soos vanaf katoen oliekoek help met raam groei. Die gebruik van natuurlike proteïen in lekkie is veral voordelig vir jong groeiende diere en koeie tydens dragtigheid en laktasie.

Die inname van **Kondisielek** sal dan ook geleidelik styg met 'n afname in ruproteïen inhoud van die veld. Proteïen lekaanvulling moet sodanig wees dat die inname van proteïen gedurende die winter vir onderhoud 150 – 250 g/koei/dag is. Met baie swak kwaliteit weiding en groot raam diere moet die hoër vlakke proteïen aanbeveel gebruik word.

Kondisielek of ander **Molatek** onderhoudslekkie, **Proteïenlek** (V16048), **Wenlek** (V12086) en **Dryveld 46** (V20820) is rumemstimuleerend deurdat dit die mikrobies wat in die rumen voorkom stimuleer om maksimaal te vermeerder. Dus is dit op 'n indirekte wyse gerig na die dier, omdat as die mikrobe werking verhoog sal daar meer verteringseindprodukte beskikbaar wees wat tot 'n groter mate die dier se behoeftes sal bevredig. Vermeng die **Proteïenlek**, **Wenlek** of **Dryveld 46** in 'n verhouding van 50:50 met graan en verskaf as produksielek teen 750g – 1 200g/vers/dag vir eerste kalf verse en speen verse gedurende die winter op droë weiding. **Kondisielek** kan net so teen 650g – 850g/vers/dag verskaf word.

HOE KAN LAE KALF PERSENTASIES BY 1STE KALF KOEIE VOORKOM WORD?

- Voldoende fosfaat in die somer te verskaf. **6 - 12 g/bees/dag**. Verskaf **Molatek Fosblock** (V22502) teen 100 – 200 g/bees/dag of **Molatek Foslek** (V16059) teen **120 – 220 g/bees/dag**.
- Dek verse indien moontlik 'n maand voor die res van die kudde, sodat hul 'n langer herstel periode sal hê voor hul weer gedek moet word die 2de keer. Oppas egter weer vir die stelsel, want dit is ook nie altyd prakties moontlik binne 'n plaas opset nie.
- Verskaf produksie lekkie aan dragtige verse wat ook nog groei vanaf Augustus tot minstens 'n maand na die 1^{ste} goeie somer reëns. Die produksielek kan mee volgehou word indien die kondisie punt laer as 3 gaan wees met dektyd. Onthou die 1^{ste} kalf vers weeg met kalwing +- 85% van haar volwasse liggaamsmassa.
- Kruipvoer vir 1ste kalf koeie se kalwers sal ook massa verlies by koeie beperk, omdat die kalf minder melk benodig en daarmee saam kan kalwers dan ook vroeër gespeen word.
- Korrekte weidingsbestuur moet ook altyd toegepas word.

Fokus met lekaanvulling moet wees om dit as 'n volledige stelsel te benader en nie te kompartementeer in seisoene nie. Maak jou stelsel aanpasbaar by veranderde voedings omstandighede.

NUWE VERBETERDE FORMULERING

BEESVET 33+

LAAT JOU BEESTE EN JOU WINS SAAMGROEI!

Met Molatek se kundig geformuleerde proteïenkonsentraat, Beesvet 33+, is dit nie net jou vleisbeeste wat gaan spog met bultende spiere en massatoename nie ... ook jou beursie gaan bult met die ekstra wins.

- Ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename.
- Bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei stimuleer.
- Gebruik hoëgehalte, natuurlike proteïene wat volgens die aminosuurprofiel vir optimale karkasgroei gebalanseer word.
- Werk voedingsteurnisse en koksidiöse teen.
- Verseker maksimum wins.
- Geskik vir die afronding van bulle en skoubeeste.



PROTEÏEN- KONSENTRAAT

Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak
RCL FOODS: www.rclfoods.com
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com
Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)




MOLATEK
Samewerking lei tot prestasie



Volhoubare WEIVELDBESTUUR

- PROF HENNIE SNYMAN, Afgetrede weidingkundige. Voorheen verbonde aan Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde, Universiteit van die Vrystaat

Alhoewel ontblaring van weiplante as normale verskynsel binne die funksionering van die weidingekosisteem beskou kan word, moet dit tog met omsigtigheid hanteer word, aangesien dit die produktiwiteit van die ekosisteem aansienlik kan beïnvloed. Hier word veral die intensiteit (hoe straf) en frekwensie (hoe gereeld) van ontblaring bedoel. Dit is verder belangrik om ingedagte te hou dat wortelgroei by weiplante nie naastenby teen dieselfde tempo as bogrondse plantdele na beweiding herstel nie. In die verlede was slegs die bogrondse dele se reaksie op beweiding verreken, terwyl die ondergrondse dele nie die nodige aandag ontvang het as wat dit verdien nie. Die nuutste gedagte rondom effektiewe en volhoubare weiveldbenutting is juis gegrond rondom die wortelstelsel se optimale funksionering binne 'n weidingbestuurstelsel. "n Veel langer rustyd, as wat op die oog af nodig blyk, word hiervoor vereis. Sou dit nie toegelaat word nie, sal weiveld met swak verspreide wortelstelsel 'n Braunvieh veeboer des te meer aan mens-gemaakte droogte uitlewer.

Hoewel navorsers die mening huldig dat wisselbeweiding beter is vir die veld as aanhoudende beweiding, besef hulle eweneens dat die bestuurder en/of die veeladings selfs 'n belangriker rol in die stelsel mag speel. Die toestand of gesondheid waarin die weiveld verkeer bepaal die weidingkapasiteit daarvan en dus die aantal diere wat aangehou kan word. Veldweiding is en bly die goedkoopste voerbron vir die dier en daarom moet dit ten alle koste beskerm, bewaar en volhoubaar benut word.

Tot onlangs was die tydperke van afwesigheid wat boere tussen opeenvolgende beweidings toegelaat het, dikwels te kort om veel regstreekse voordeel vir die veld in te hou. Daar was van die uitgangspunt uitgegaan dat 'n kamp weer beweï kon word indien die grasse uitgegroeï het na beweïding en moonlik ook saad gemaak het. Hierdie benadering sluit slegs die **rus** van die veld in sonder dat dit **herstel** het. Laasgenoemde gaan oor die opbou/ herstel van groeikrag. In die jongste tyd is daar 'n neiging om rustye lank genoeg te maak sodat die veld volkome kan herstel. Daar moet dus 'n behoorlike onderskeid tussen rustye en die herstel van veld getref word. Laasgenoemde is die ideale benadering tot wortelontwikkeling en –herstel, wat 'n volle groeïseisoensrus insluit. Hierdie oogmerk sal 'n langer termynstrategie verg wat ten doel het om die groeikrag van die gewenste weiplante te herwin. Hierdie herwinning draai grootliks rondom die herstel van spesifiek die wortelstelsel van die plant.

Hou ingedagte dat weiplante slegs voordeel vanuit 'n sogenaamde rusperiode kan trek indien die plant gedurende daardie tydperk van afwesigheid van diere in 'n kamp, sy volle groei aktiwiteit kan voltooi. Sou daar geen reën byvoorbeeld voorkom met die onttrekking van diere uit die kamp nie, het die plante mos nie gerus nie. Dit is dan juis hier waar die vollegroeïseisoensrus sy bydrae tot plant herstel maak.

'n Kamp of groep kampe behoort na ten minste elke derde jaar 'n volle groeïseisoensrus te ontvang, maar kan wel gedurende die dormante maande



(Mei tot Augustus) bewei word sonder om werklik die uitwerking van die volle groeiseisoensrus in die wiele te ry. Die volle groeiseisoensrus benadering lei volgens verskeie navorsers selfs tot 'n verdubbeling in plantproduksie van die smaaklike plante in die daaropvolgende seisoen (Tabel 1).

Die resultate van Tabel 1 dui daarop dat die produksie verkry met 'n volle groeiseisoensrus 98% hoër is teenoor ontblaring twee keer per seisoen. Daar kan met veiligheid gespekuleer word dat hierdie produksie voordeel verkry, nog aansienlik sal toeneem soos wat die seisoene sal volg.

Die lengte van die rusperiode moet dus lank genoeg wees sodat die groeiereserwes van smaaklike plante weer aangevul kan word voor die daaropvolgende ontblaring.

'n Ander beginsel is om die smaaklike plante net tot so 'n mate te ontblaar dat dit so gou moontlik weer normaal kan fotosinteer en so kort moontlik aangewese is op die onttrekking van groeiereserwes vanuit die wortels vir hergroei. Gedurende die lentemaande, wanneer die fabriek (blaaroppervlakte) van die plant nog nie optimaal funksioneer nie, is die plant aangewese op

Tabel 1 Volle groeiseisoensrus se produksie in die daaropvolgende jaar – sentrale grasveldgebied.

Jaar	Nie rus (2 keer/seisoen ontblaar)	Volle groeiseisoensrus (elke 3de jaar)
2007/08	1 011	2 660
2008/09	915	1 914
2009/10	1 851	2 901
Gemiddeld	1 259	2 491
Weidingkapasiteit (ha/ kleinvee-eenheid)	1.0	0.5

Daar bestaan nog vele sulke suksesverhale met lang rusperiodes. Hierdie vollegroeiseisoensrus benadering is met ander woorde sterk gegrond daarop dat nie net na die bogrondse dele se herstel omgesien word nie, maar die wortelstelsel van die plant ontvang vir die eerste keer sy regmatige aandeel in die herstel fase soos wat dit verdien. As dit nou nie goeie produksie rendement op 'n langrusbelegging is nie, dan wil ek liewers nie weet wat is goeie veldbestuur nie.

Die verhouding tussen die graad van benutting tussen plante word deur die dier se voorkeure bepaal. Nadat 'n kamp, met 'n laer drukkeweidingsbenadering benut is, sal smaakliker plante maksimaal ontblaar wees, terwyl die persentasie ontblaring van onsmaaklike plante laer sal wees. Minder ontblaarde plante se kompeteervermoë sal dus sterker wees vir voedingstowwe en water as die straf ontblaardes.

groeiereserwes vir bot en hergroei. Tydens hierdie periode is die plant vatbaar vir oorbeweiding (indien te lank in kamp gebly word) en moet sorg gedra word dat die fabriek eers optimaal funksioneer voordat beweiding weer plaasvind.

Braunvieh boer, sorg vir jou weiplant en hy sal weer vir jou sorg. Streng gesproke boer die veeboer nie met vee nie maar wel met weidings. Die vee word slegs gebruik om beskikbare weiding in 'n bemarkbare komoditeit wat vir menslike verbruik geskik is, om te sit. Die produksie van vleis, melk, wol of ander dier produkte hang primer af van die beskikbare weiding of voeding. Die toegewyde veeboer wat die wetenskap van waarneming en monitering vervolmaak sal nie alleen op ekologiese gebied kan getuig van sukses nie, maar ten opsigte van sy finansiële posisie as geheel verseker wees van sukses.

ELS Braunvieh



ELS 12-04

FANIE ELS 083 409 7381 | SP ELS 083 983 3111 | driekop_els@yahoo.com | Vrystaat



Merinohoek farm
Rhodes

Vicky-Lee Turnbull
0724054618

merinohoek@nokwi.co.za

P. O. Box 245 | Barkly East 9786

Toekennings

ELITE SA STAMBOEK STOETKUDDE: VLEISBEESTE (Vleissentraal)

Toekennings word gemaak aan die verskillende spesies op grond van die objektiewe evaluering van:

- Reproduksie prestasie.
- Produksie prestasie.
- Akkuraatheid van data
- Gereelde deelname in aantekening (registrasie en prestasie).
- Gemiddelde Logix teelwaardes van die diere in die kudde.
- Deelname in telersgenootskap en bedryfsaktiwiteite.

Baie geluk aan die volgende telers:

Silwer:

Sunette Botha du Toit
Sampie Rossouw

Brons:

SP Els Familie Trust
JJ Bester & Dogters
JC Braunvieh – André en Annemarie Reitsma
Eduan Boerdery – Gawie en Willem Naude



KATAGORIE 1 – 10 Koeie



1^{ste} Meij MSE Bezuidenhout
TKP – 373 dae



2^{de} Lalta Trust
TKP – 396 dae



3^{de} Danru Boerdery
TKP - 410 dae

KATAGORIE 11 – 30 Koeie



1^{ste} Mnr JH Bezuidenhout
TKP – 393 dae



2^{de} Mnr CP Byleveld
TKP – 404 dae



3^{de} Kristal Braunvieh
TKP – 414 dae

KATAGORIE 31 – 50 Koeie



1^{ste} JJ Bester en Dogters
TKP – 375 dae



2^{de} Mnr JJH van Zyl
TKP – 376 dae



3^{de} Mnr SW Rossouw
TKP – 439 dae

KATAGORIE 51 – 100 Koeie



1^{ste} Eduan Boerdery
TKP – 420 dae



2^{de} De Klerk Braunvieh
TKP – 439 dae

VERBETERDE TKP



Einsiedeln Braunvieh - 25 dae verbeter



Sunette Botha du Toit



Sunette Botha du Toit

PRESIDENTS TROFEE

GLASKOP TROFEE

TKP TROFEE



Marelize Bezuidenhout

BLYK VAN WAARDERING SERTIFIKATE



Hans Bester – inisiatief vir Sentrale Braunvieh veldbulklub
Andre Reitsma - inisiatief vir Big Six Genetics



Braunvieh Stoet

Andre & Annemarie Reitsma
071 896 1466
andre.kainos@gmail.com



Lid van die Big Six
Genetics groep





IDENTITY:

- DNA-Profile and Parentage

GENOMICS:

- Genetic – and other conditions:
- Pompe's disease
- Freemartinism
- Trichomonas Foetalis
- Bulldog syndrome (Dexter)
- 1/29-Translocation (cytogenetics)
- Congenital Myasthenic Syndrome (CMS)
- Myostatin (F49L-gene)

CHARACTERISTICS

- Coat Colour (Red)
- Polled
- Double Muscling

More on request

**THE ULTIMATE GENETIC
SERVICE LABORATORY FOR:**

- 50K Illumina Bovine Beadchip plus 2000
SNP traits and disorder assessment

[T]: +27 (0)21 007 5617 | [E]: animals@unistelmedical.co.za

www.unistelmedical.co.za

Keurders INSPEKTEURS



MR L.J. ANGUS
FLORIDA, PO BOX 57,
ARLINGTON, 9602
0828055101
langus@vodamail.co.za



MNR. J.H. BEZUIDENHOUT
POSBUS 102, BRANDFORT,
9400
0823745022
bezmar08@gmail.com



MNR. W.D. DE JAGER
POSBUS 2266, VRYBURG,
8600
082-565 5445
willie@srvalley.co.za



MNR. S.W. ERLANK
YENTE STRAAT 44,
HADISON PARK,
KIMBERLEY, 8301
0825586891
lin-ca@mweb.co.za



MNR. J.J. BESTER
POSBUS 269, VREDE, 9835
058-913 1998
058-913 1998
083-469 1258
bestershans@gmail.com



MNR. I. BOTES
POSBUS 247,
DELPORTSHOOP, 8377
0823780934
ansiebotes33@gmail.com



MNR. S.P. ELS
POSBUS 48, EXCELSIOR,
9760
0834097381
driekop.els@yahoo.com



MNR. C.D. HAVENGA
POSBUS 8, PETRUSVILLE,
8770
0828211527
christopher@cdhfarm.co.za
jenny@cdhfarm.co.za



MNR. J.D. HAVENGA
 POSBUS 111,
 VANDERKLOOF, 8771
 053-664 0173
 053-664 0173
 082-578 5556
 kloofsig@cybertrade.co.za



MNR. G.F. NAUDE
 POSBUS 105, BARKLY-OOS,
 9786
 0828979555
 gawien@telkomsa.net



MNR. W.C. NAUDE
 POSBUS 105, BARKLEY
 OOS, 9786
 0827757067
 wnaude80@gmail.com



DR. D. ROOS
 GELUKSVLEI, VREDE, 9835
 0732994591
 daleen22bester@gmail.com



MNR. H.M. SEYFFERDT
 POSBUS 31097,
 FICHARDTPARK,
 BLOEMFONTEIN, 9320
 0732912516
 martin.seyfferdt@gmail.com



MNR. P. VAN DER MERWE
 POSBUS 38218,
 GRASFONTEIN-OOS,
 PRETORIA, 0060
 012 996 3015
 082-952 1084



MNR. S.W. VERMEULEN
 POSBUS 270,
 BLOEMFONTEIN, 9300
 051-410 0900
 051-447 3964
 082-548 4608
 siebert@studbook.co.za

Braunvieh PRESIDENTE

1925 - 1927	LJ van Zyl	2004	J Havenga
1928 - 1942	AE von Maltitz	2005	J Havenga
1943	LJS van Jaarsveld	2006	J Havenga
1944 - 1954	PJ von Maltitz (Oom Pieter)	2007	C Harman
1952	Mev MH Wessels	2008	C Harman
1955 - 1963	J Kemp Vorster	2009	C Harman
1964	OR Dell	2010	C Harman
1965 - 1971	J Kemp Vorster	2011	C Harman
1972 - 1974	AJ Olivier	2012	C Harman
1975 - 1976	Dr JA Theron	2013	C Harman
1977 - 1978	JW Nel	2014	C Havenga
1979 - 1980	Dr JA Theron	2015	C Havenga
1981 - 1983	Dr A Immelman	2016	H Bester
1984 - 1994	PDW de Villiers	2017	H Bester
1995 - 1997	L de Jager	2018	H Bester
1998 - 2000	J Havenga	2019	S Rossouw
2001	J Havenga	2020	S Rossouw
2002	J Havenga	2021	S Rossouw
2003	J Havenga		



Multitrait SELECTION



- DR HELENA THERON
SA Stud Book Pretoria Office

